

18 April

1 Petrus 1

(Teks: 1 Petrus 1:3)

Wedergebore

Bereken jy ooit die waarde van jou wedergeboorte? Petrus juig in die Here daaroor.

Die mense aan wie Petrus hierdie brief geskryf het is vervolg en het dit aan hulle lyf gevoel dat hulle Christene is. Onder hierdie druk het hulle begin afkoel en moedeloos word en begin wonder of dit nog die moeite werd is om in die geloof te volhard.

Om hulle uit dié donkerte te haal hou by hulle *wedergeboorte* aan hulle voor. Wedergeboorte is 'n nuwe lewe, 'n nuwe inkom in die wêreld om 'n nuwe plek en bestaan in die wêreld te kry. Die *baarmoeder* van hul wedergeboorte is God se groot ontferming. Letterlik staan daar: die *baie* ontferming van God. God omhul ons met 'n oorfloedige ontferming.

Dan kry ons 'n *lewende* hoop. Hierdie hoop is 'n stellige verwagting wat binne in jou lewe en jou hart, jou verstand, jou hele lewe deurspoel. Dit is altyd by jou en in jou. Dit deurlig jou hele lewe en lei jou na die voltooiing van alle dinge. Want die hoop is op 'n onverwelklike ewige erfenis en word vervul in die ewige lewe.

"...weergebore nie uit verganklike nie maar uit onverganklike saad, deur die lewende en blywende Woord van God". Jesus Christus is God se Woord aan die wêreld. Dit alles is joune deur die opstanding van Jesus Christus.

Hou jou oog op die lewende Christus!

Sing Psalm 95:1 en 4

Ds. P.B. de Klerk (Stilfontein)